basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2017

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**SLAAP: ONS IS DIEP IN DIE SKULD**

1 Daar is 'n krisis in sprokiesland: Klaas Vakie gaan sy werk verloor. Hoekom? Mense slaap al minder.

2 Hierdie krisis is veroorsaak deur Thomas Edison wat meer as 'n eeu gelede die gloeilamp uitgevind het. Sedertdien slaap ons minder en minder. Edison het geglo slaap is onproduktief, 'n mors van tyd. In ons moderne, materialistiese wêreld word hierdie mening deur veral die korporatiewe wêreld misbruik, want hulle slagspreuk – Tyd is geld! – word toenemend geglo. Die ongelukkige gevolg? Mense slaap ál minder.

3 Arianna Huffington, navorser van slaappatrone en skrywer van *The Sleep Revolution*, is (anders as Edison en die korporatiewe wêreld) 'n passievolle kampvegter vir slaap nadat sy, weens 'n gebrek daaraan, ineengestort het. Nou glo sy dat mense snags sewe uur moet slaap. "Ons het 'n nuwe slaaprewolusie nodig sodat ons weer beheer oor ons lewe kan neem. Glo dit of nie, jy kán jou doodwerk."

4 Huffington skryf dat drie rewolusies agter ons slegte slaapgewoontes lê: die nywerheidsrewolusie toe die bevolking na stede met hul vinnige tempo gestroom het; tóé die tegnologierewolusie met, onder andere, die ontdekking van die gloeilamp en gevolglik langer dagure; uiteindelik het die virtuele, digitale rewolusie – die derde een – waar ons 24/7 aanlyn is, aangebreek. Digitale uitvindings maak dit deesdae makliker om jou werk oral saam te dra – jy gooi net jou selfoon en/of skootrekenaar in jou sak.

5 Ons verkeer, ongelukkig, in die waan dat slaap tydmors is, aldus Huffington. Sy voorspel 'n vierde rewolusie wat ons na beter slaaphigiëne – gewoontes en praktyke wat genoeg slaap op gereelde tye bevorder – sal teruglei. "Ons aanvaar dieet en oefening is belangrike pilare vir gesondheid. Slaap is die derde pilaar."

6 Huffington meen slaap is 'n basiese menslike behoefte. Jy voel knorrig as jy te min daarvan kry, en geïrriteerd as die bure se partytjie jou daarvan weerhou. Maar die uitwerking van te min slaap strek baie verder.

7 Dr. Hugo, psigiater en geheuedeskundige, verduidelik dat elke mens 'n spesifieke slaapbehoefte het en as dit nie bevredig word nie, word daar slaapskuld opgebou. Jou spesifieke slaapbehoefte is die hoeveelheid slaap wat jy nodig het om soggens uitgerus wakker te word. Te min hiervan veroorsaak slaapskuld. Volgens hom is die meeste van ons diep in dié skuld.

8 Navorsing toon 'n tekort aan slaap het 'n skrikwekkend negatiewe effek op die brein, waarvan knorrigheid, onstuimige emosies, vergeetagtigheid, die onvermoë om te konsentreer en 'n aangetaste geheue maar enkele voorbeelde is. Ná sewentien uur sonder slaap is 'n mens se vaardighede gelyk aan dié van iemand met 'n bloedalkoholvlak van 0,05% – genoeg om jou agter tralies te laat beland.

9 Hoeveel moet jy slaap? Die ideale hoeveelheid slaap verskil van persoon tot persoon, maar minder as ses uur vir Jan Alleman word deur kenners as 'n gedeeltelike gebrek bestempel. Babas slaap tot 16 uur per dag terwyl tieners sowat 10 uur per nag nodig het. Sekere noodsaaklike liggaamsiklusse van tieners, soos die afskeiding van groeihormone, kom ook net voor terwyl hulle slaap. Slaap help tieners om die geheue te rangskik, te verfris en om leervermoë te verbeter, sê Peet Vermaak, neurofisioloog van The Pretoria Sleep Lab.

10 Nog 'n kundige, dr. Jeff King, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Slaapgeneeskunde, sê dat slaap noodsaaklik is om van gifstowwe in jou liggaam ontslae te raak. Ander navorsers het reeds bewys dat minder as sewe uur slaap per nag jou risiko vir vetsug, diabetes, hoë bloeddruk, hartsiektes en depressie verhoog. Slaap is dus nie 'n luukse nie, maar die eerste stap om wêreldwye gesondheidsprobleme te takel.

11 Te min slaap kan beslis jou oordeel en reflekse aantas. Studies toon dat mediese studente met 'n slaaptekort meer foute maak. Volgens Jan Top van die Panorama-hospitaal se slaapkliniek ly nagtelike skofwerkers aan uitputting, soortgelyk aan dié van mediese studente omdat hul liggame se normale blootstelling aan lig deurmekaar geskommel word. Moegheid by skofwerkers het al tot ernstige nywerheidskatastrofes, soos die kernkrag-ongelukke by Tsjernobil en Three Mile Island, gelei.

12 Drs. Rock en Siegal van die Mindsight Institute glo aan oefeninge wat kan help om jou brein optimaal te laat funksioneer en om jou brein te laat rus. Voldoende slaaptyd om die brein tyd te gee om te rus is nommer een op hul lys. "net soos jy nie dag én nag pizza kan eet nie, kan jou brein ook nie elke dag op min slaap lewe nie."

13 Karlien Fourie, 'n neurofisioloog, beveel die volgende vir 'n gesonde brein aan: "Hou jou slaapkamer donker en raak ontslae van enige afleidings soos selfone of televisie. Probeer om elke aand presies dieselfde tyd te gaan slaap en soggens dieselfde tyd op te staan. Skakel stimulante soos suiker en kafeïen uit."

14 Klaas Vakie se sandjies is nie te versmaai nie. Die tyd vandat jy saans jou bedlampie afskakel tot die oomblik dat jou selfoon jou die volgende oggend wakker biep, is tyd waarmee jy jou lewe verleng.

[Verwerk uit *Sarie,* September 2016 en *Die Burger,* 8 April 2016]

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Bron: *Die Burger*, 6 September 2016]

## VRAE: TEKS A

1.1 Watter uitvinding was die oorsaak dat mense al minder begin slaap het? (1)

1.2 Waarom is Huffington se mening in paragraaf 3 oor slaap geloofwaardig? (1)

1.3 Hoe verskil Edison en Huffington se sieninge oor slaap? (2)

1.4 Wat is die gevolg van ELK van die DRIE rewolusies ten opsigte van mense se veranderde slaapgewoontes? (3)

1.5 Hoe ondersteun paragraaf 7 die titel van die teks? (1)

1.6 Noem TWEE negatiewe gevolge wat min slaap vir tieners inhou. (2)

1.7 Herlees paragraaf 10–11.

Wat is dr. King se standpunt oor slaap? Noem TWEE voorbeelde uit paragraaf 11 waar reflekse/oordeel aangetas word en haal EEN woord aan wat aandui dat slaapskuld 'n universele probleem is. (4)

1.8 Waarom word breinoefening deur die Mindsight Institute aanbeveel? (2)

1.9 Stem jy saam dat die hedendaagse mens in diep slaapskuld verkeer? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (3)

1.10 Is daar motivering in die teks vir die onderstreepte sin in paragraaf 14? Motiveer jou antwoord met behulp van paragraaf 10. (1)

1.11 Waarvan moet jy, volgens Karlien Fourie, afstand doen indien jy jou slaaphigiëne wil verbeter? (3)

1.12 Dink jy dat tieners die inligting in hierdie teks ter harte sal neem? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Die hond én die man in hierdie spotprent is knorrig.

Motiveer die stelling. (2)

1.14 Dink jy die gebruik van die straatnaam, Soeteruslaan, is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.15 Wat is die verband tussen paragraaf 6 in TEKS A en die situasie in TEKS B? (1)

1.16 Herlees paragraaf 10–11 (TEKS A).

Hoe stem die man in TEKS B se gedrag ooreen met dié van nagskofwerkers? Aan watter gesondheidsrisiko is die man in TEKS B blootgestel? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke om jou teen identiteitsdiefstal te beskerm**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**BESKERM JOU PERSOONLIKE INLIGTING**

Identiteitsdiefstal kos Suid-Afrikaners jaarliks miljoene rande, en Roy Retief van die Suid-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens (SABVD) waarsku dat slagoffers dalk verras kan word met 'n selfoonkontrak, motorverhuringsooreenkoms of lening wat onwettig in hul name uitgeneem is. Pas die volgende wenke toe om jou identiteit te beskerm.

Jy moet jou identiteitsinligting in veilige bewaring hou. Waarmee jy ook al besig is of waar jy ook al gaan, sorg vir die veilige bewaring van jou dokumente en inligting, want die verlies daarvan veroorsaak eindelose veiligheidsrisiko's. Boonop het jy dan die frustrasie om vir nuwe dokumente te moet aansoek doen.

Inligting wat onverskillig en roekeloos op Facebook geplaas word, kan maklik deur booswigte versamel word. So is 'n foto van jou vliegtuigkaartjie 'n maklike manier vir booswigte om inligting te bekom. Wees daarom versigtig watter inligting jy op sosiale media beskikbaar stel.

Verbrand persoonlike dokumente wanneer jy dit wil vernietig, eerder as om dit in die vullisdrom te gooi. Dit is baie veiliger en bied gemoedsrus. Wees boonop bedag op ongevraagde e-posversoeke wat jou vra om jou bankbesonderhede te bevestig. Gevestigde banke sal nie via e-posboodskappe sulke inligting vra nie.

Die SABVD sê mense moet bedag wees op sogenaamde "419"-foefies. "Hier word die persoon via SMS of e-pos gekontak en gesê dat hulle byvoorbeeld 'n lotery of kompetisie gewen het. Om jou prys te kan kry, vra hulle dan sekere inligting. "As dit te goed klink om waar te wees, is dit moontlik die geval."

Die media het vroeër vanjaar berig oor kuberboewe wat mense via Facebook kontak en voorgee dat hulle vriende wil wees. Moenie sulke "aanlyn vriendskappe" met vreemdelinge aanknoop nie! Dit neem gewoonlik nie lank voordat die boewe persoonlike inligting probeer uitvis nie, want vriendskappe is mos die grondslag vir die uitruil van inligting.

Roy beveel aan dat mense by die SABVD 'n "beskermde registrasie" op hul ID laat registreer. "Hierdie inligting word gesirkuleer, en as dit by enige van ons lidmaatmaatskappye gebruik word, word 'n oproep uitgestuur om seker te maak hulle werk met die regte jy."

Die prys vir identiteitsdiefstal in Suid-Afrika ís te hoog. Dit kan voorkom word deur bogenoemde eenvoudige wenke te volg.

[Verwerk uit *Vrouekeur*, 21 Oktober 2016]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIES

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

WAT JY NIE WIL HÊ NIE, KOOP ONS;

WAT JY GRAAG WIL HÊ,

VERKOOP ONS.



Ons verkoop 'n wye reeks tuingereedskap in 'n goeie toestand vir heelwat minder as wat jy sou verwag – en koop jou gehalte-items by jou wanneer jy wil opgradeer. En terwyl jy 'n draai maak in ons winkels, kan jy gerus 'n bietjie rondkyk. Jy sal verbaas wees oor hoeveel goed daar is wat sommer nommerpas vir jou droomhuis is, teen heelwat minder as wat jy elders sal betaal. En ja, wanneer jou visie verander en jy aan 'n nuwe droom werk, koop ons graag wéér by jou sodat jy nóg geld kan bank. Dis persies só eenvoudig!

**cashconverters.co.za**

Bepalings & voorwaardes geld. Cash Converters is 'n lid van die National Association of Franchised Tweedehandse Handelaars. Cash Converters bied franchise-geleenthede.

cashconverters

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 1 September 2016]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Gee die kontrasterende woorde in die opskrif wat die adverteerders se diens beskryf. (1)

3.2 Vervang die kommapunt in reël 1 met 'n gepaste woord sonder om die woordorde van die sin(ne) te verander. (1)

3.3 Hoekom pas die visuele voorstelling in reël 1–3 by dié advertensie? (1)

3.4 Watter wanindruk ten opsigte van die adverteerder skep die visuele voorstelling in reël 4? (1)

3.5 Gebruik die onderstreepte byvoeglike naamwoord in reël 5 as 'n bywoord in 'n sin. Indien nodig, mag die woord verbuig word. (1)

3.6 Wat is die adverteerders se doel met die onderstreepte woorde in reël 9? Dink jy die visuele voorstelling ondersteun dié woorde? Motiveer jou antwoord. (2)

3.7 Skryf slegs die hoofsin wat in reël 10–11 voorkom, neer. (1)

3.8 Gebruik die homoniem van *bank* (reël 11) in 'n verklarende sin. (1)

3.9 Watter klankverskynsel kom voor by die uitspraak van die onderstreepte woord in reël 12? (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Verwerk uit www.creditreportservice.info/article]

**LET WEL:** Hägar is die Viking en Helga is sy vrou.

**VRAE: TEKS E**

4.1 Vervang die onderstreepte woorde in RAAMPIE 2 met die intensiewe/ versterkte vorm. (1)

4.2 Skryf Helga se woorde in RAAMPIE 3 in die lydende vorm. (1)

4.3 Die hoofletters in RAAMPIE 3 is gebruik om die woord te beklemtoon.

Skryf die woord oor en gebruik die korrekte aksentteken(s) op die korrekte manier om die woord te beklemtoon. (1)

4.4 Waarom sê Helga in RAAMPIE 4 nie reguit dat haar seun ongemanierd is nie? (1)

4.5 Herlees RAAMPIE 6.

4.5.1 Vervang die onderstreepte woorde met 'n enkele voornaamwoord wat in die sin pas. (1)

4.5.2 Wat impliseer Hägar met sy tweede sin? (1)

4.6 Gebruik die afkorting in RAAMPIE 7, volledig uitgeskryf, in 'n verklarende sin van jou eie. (1)

4.7 Bestudeer RAAMPIE 8.

4.7.1 Op watter wyse gebruik Helga taal om haar mag te demonstreer? (1)

4.7.2 Dink jy Hägar verdien hierdie optrede? Motiveer jou antwoord. (1)

4.8 Voltooi namens Helga die idioom in RAAMPIE 9. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**SUID-AFRIKA: SÓ <u>VERLOKLIK</u>, MAAR O, SO SUKSESLOOS!**

1 Die sukses van 'n (5.3) (ontwikkel) nasie hang nie van ouderdom af nie: Egipte en Indië is ouer as twee (5.4) (tydperke van 1 000 jaar) terwyl Kanada, Australië en Nieu-Seeland relatief jonk, maar (5.5) <u>welvarend</u> is.

2 <u>Dit hang ook nie af van beskikbare hulpbronne nie</u>. Japan het min natuurlike hulpbronne, maar verwerk ingevoerde grondstowwe en voer dan die produkte uit na die res van die wêreld. Switserland kweek self nie kakao nie, maar vervaardig van die beste sjokolade.

| | |
|---|---|
| 3 | Daar is ook nie intellektuele verskille tussen **eweknieë** van suksesvolle en onsuksesvolle nasies nie. Die enigste verskil lê daarin dat die meeste mense in suksesvolle lande die kernwaardes van etiek, integriteit, verantwoordelikheid, respek vir wette en regulasies, hardwerkendheid, produktiwiteit, spaarsaamheid en stiptelikheid uitleef. (5.8) Hulle ken nóg bedrog, nóg korrupsie. |
| 4 | Die geheim van sukses lê dus eenvoudig in die karakter en houding, in die kwaliteit van die innerlike krag van die land se inwoners. |
| 5 | Om (5.9) … pas met dié kernwaardes te leef mag dalk eenvoudig en selfs outyds klink, maar dit het baie implikasies. Dit beteken dat leerders en studente nie skole en biblioteke aan die brand steek nie, dat hulle eerder hard sal werk en beskikbare bronne met verantwoordelikheid tot voordeel van alle mense sal gebruik. |
| | [Verwerk uit *Die Burger*, 5 Januarie 2016] |

**VRAE: TEKS F**

5.1 Benoem die taalverskynsel wat aangewend is om die onderstreepte woord in die opskrif te vorm. (1)

5.2 Wat is die betekenis van die agtervoegsel/postmorfeem/suffiks in die laaste woord van die opskrif? (1)

5.3 Gee die korrekte vorm van die onvoltooide/teenwoordige deelwoord in die eerste sin van paragraaf 1. (1)

5.4 Vervang die woorde wat tussen hakies in paragraaf 1 voorkom, met slegs EEN woord. (1)

5.5 Gebruik die antoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 1 in 'n verklarende sin. (1)

5.6 Skryf die onderwerp van die onderstreepte sin in paragraaf 2 neer. (1)

5.7 Verdeel die vetgedrukte woord in paragraaf 3 in lettergrepe. (1)

5.8 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 3 in die verlede tyd. (1)

5.9 Skryf slegs die voorsetsel wat in paragraaf 5 ontbreek, neer. (1)

5.10 Brei die onderstreepte sin in paragraaf 5 uit met behulp van 'n byvoeglike bysin. Skryf die sin volledig oor en onderstreep jou bysin. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**2017**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | (Die ontdekking van) die gloeilamp √ | 1 |
| 1.2 | Sy was self die slagoffer van min slaap./<br>As navorser/skrywer/kenner is sy bekend met slaappatrone./slegte slaap-gewoontes. √ | 1 |
| 1.3 | Edison glo dat baie slaap tot onproduktiwiteit lei terwyl Huffington glo dat jy deur slaap beheer oor jou lewe neem. √<br>Edison glo dat slaap tydmors is, maar Huffington glo dat goeie slaaphigiëne juis 'n belegging in jou gesondheid is. √ | 1<br>1 |
| 1.4 | Die (vinnige) tempo van die nywerheidsrewolusies het tot <u>minder slaap</u> gelei. √<br>Die ontdekking van die gloeilamp (tydens die tegnologierewolusie) het <u>langer werksdae</u>./<u>meer werksure</u> per dag tot gevolg gehad. √<br>As gevolg van die digitale era is mense <u>24 uur aan die gang</u>./<u>werk mense oral</u>./<u>permanent</u>. √<br><br>*Die kandidaat moet die gevolg van elke rewolusie beskryf.* | 3 |
| 1.5 | Die paragraaf gee die rede vir slaapskuld./<br>Die paragraaf verskaf 'n verduideliking van wat met slaapskuld bedoel word./<br>Die titel word in die paragraaf herhaal./<br>Die kundige se uitsprake verleen geloofwaardigheid aan die titel./ondersteun die titel. √ | 1 |
| 1.6 | Sekere noodsaaklike liggaamsprosesse kan nie plaasvind nie.<br>Die afskeiding van groeihormone kan nie plaasvind nie.<br>Die geheue word nie verfris nie.<br>Leervermoë verbeter nie.<br>Die geheue word nie gerangskik nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE gepaste negatiewe gevolge vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | Dr. King glo slaap is noodsaaklik (om van gifstowwe in jou liggaam ontslae te raak). √<br><br>**EN**<br><br>Mediese studente wat min slaap maak meer foute. √<br>Moegheid by skofwerkers/nagskofwerkers het al tot groot rampe/ nywerheidskatastrofes/kernkragongelukke/by Tsjernobil/Three Mile Island gelei. √<br><br>**EN**<br><br>"wêreldwye" √ | 1<br><br><br><br>2<br><br><br>1 |
| 1.8 | Dit verseker dat jou brein <u>optimaal</u> funksioneer. √<br>Jou brein moet geleentheid kry om te rus. √ | 1<br>1 |
| 1.9 | Ja<br>Die digitale tydperk waarin ons leef, veroorsaak dat mense nie genoeg slaap nie.<br>Tegnologiese vooruitgang maak dit makliker om snags te kommunikeer/werk.<br>Die tegnologiese era veroorsaak verhoogde werksdruk wat lei tot strenger spertye en dus minder slaap.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is baie mense wat met minder as ses uur se slaap normaal kan funksioneer.<br>Daar is ouer mense en jong kinders wat genoeg slaap en nie slaapskuld het nie.<br>Nie alle mense het toegang tot tegnologie wat hulle uit die slaap hou nie.<br>Afgetrede persone het gewoonlik goeie slaapgewoontes hoewel 'n mens minder slaap wanneer jy ouer word. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke DRIE motiverings vir EEN punt elk aan.* | <br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>3 |
| 1.10 | Ja<br>(Dr. Jeff King meld dat) genoeg slaap gifstowwe uit die liggaam verwyder (wat 'n gesonder liggaam/langer lewe verseker)./(Ander navorsers bevind) genoeg slaap verminder jou risiko op vetsug./diabetes./hoë bloeddruk./hartsiektes./depressie./ eietydse siektes.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is nie voldoende mediese navorsing as bewys nie./<br>Bewyse is beperk tot afleidings van 'n kardioloog./<br>Die studies/navorsing is nie wêreldwyd gedoen nie. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | <br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.11 | Selfone/televisie/alle vorme van media/stimulante/kafeïen/suiker √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | Ja<br>Tieners besef nie dat te min slaap so gevaarlik kan wees nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die artikel spreek hoofsaaklik volwassenes wat al werk aan.<br>Die teikengroep vir hierdie teks is volwassenes, dus sal tieners nie die teks lees nie.√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.13 | Die hond verstaan die man wat hom skel./reageer op die man se aanval./<br>Die hond neem 'n aggressiewe houding teenoor die oumense in./<br>Die gesigsuitdrukking(bek/tande)/strepies/uitroeptekens om die hond se kop dui aan dat hy hard blaf./vies is./kwaad is./<br>Die hond staan regop teen die draad. √<br><br>**EN**<br><br>Die man wys met 'n reguit vinger na die hond./<br>Hy kla by sy vrou dat die hond hom pla./<br>Sy gesig dui op beswaardheid/frustrasie./<br>Sy mond hang van ontevredenheid.<br>Hy beledig die hond. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN bewys by die hond en EEN bewys by die man aan.* | 1<br><br>1 |
| 1.14 | Ja<br>Dit beklemtoon die ironie/feit dat die man glad nie rus kry nie./<br>Dit beklemtoon dat die bure se hond hom nie rus toelaat nie./ondersteun die woorde van die man dat die hond nie sy versoek verstaan het nie./nie opgehou blaf het nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die straatnaam het niks met die straatbewoners te make nie./<br>Daar is 'n onderonsie/geblaf/geskree/gevloek tussen die man en die hond (wat veroorsaak dat daar nie 'n soete rus in die straat is nie). √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.15 | Albei tekste verwys na die knorrigheid van mense wanneer hul bure/ander faktore die oorsaak is dat hulle min slaap./<br>In TEKS A lei die bure se partytjies in die nag tot knorrigheid en min slaap terwyl die hond se aanhoudende geblaf in TEKS B die oorsaak is van knorrigheid en te min slaap. √ | 1 |
| 1.16 | Die man is uitgeput omdat die hond hom uit die slaap gehou het, terwyl skofwerkers uitgeput is vanweë nagtelike werksure./<br>Die man se oordeel is aangetas, terwyl die nagtelike skofwerkers se oordeel hul in die steek laat wat werksfoute tot gevolg het. √<br><br>Hartsiektes/hoë bloeddruk/diabetes/depressie/vetsug √ | 1<br><br>1 |
| | | **30** |
| | **TOTAAL:AFDELING A:** | **[30]** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie.
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe.

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is nie.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| |
|---|
| Identiteitsinligting moet so veilig moontlik gehou word en persoonlike inligting moet nooit op sosiale media beskikbaar gestel word nie. Moenie jou persoonlike dokumente in die vullisdrom gooi nie, verbrand dit eerder. Vermy ook e-posversoeke waarin jy persoonlike inligting moet bevestig. Wees bedag op die "419"-foefies en moenie aanlyn vriendskappe met vreemdelinge aanknoop nie. Registreer 'n "beskermde registrasie" op jou ID om sodoende jou identiteit te beskerm. |
| **Getal woorde: 67** |

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Jy moet jou* ***identiteitsinligting in veilige bewaring*** *hou.* | A | Identiteitsinligting moet veilig gehou word. |
| 2 | *Wees daarom versigtig* ***watter inligting jy op sosiale media beskikbaar stel****.* | B | Moenie inligting op sosiale media beskikbaar stel nie. |
| 3 | ***Verbrand persoonlike dokumente*** *wanneer jy dit wil vernietig eerder as om dit in die vullisdrom te gooi.* | C | Moenie persoonlike dokumente in die drom gooi nie, maar verbrand dit. |
| 4 | *Wees boonop bedag op* ***ongevraagde e-posversoeke wat jou vra om jou bankbesonderhede te bevestig.*** *"Hier word die persoon* ***via SMS of e-pos*** *gekontak …* | D | Vermy e-posversoeke/sms'e waarin jy bankbesonderhede moet bevestig. |
| 5 | *Die SABVD sê mense* ***moet bedag wees op sogenaamde "419"-foefies****.* | E | Wees bedag op die "419"-foefies. |
| 6 | ***Moenie*** *hierdie* ***"aanlyn vriendskappe" met vreemdelinge aanknoop*** *nie!* | F | Moenie sulke vriendskappe met vreemdelinge aanlyn aanknoop nie. |
| 7 | *Roy beveel aan dat mense* ***by die SABVD 'n "beskermde registrasie" op hul ID laat registreer****.* | G | Registreer 'n "beskermde registrasie" op jou ID. |
| | | | **Getal woorde: 53** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Koop, verkoop √<br><br>*Indien die antwoord in 'n sin aangebied word, moet die twee kontrasterende woorde uitgelig word d.m.v. onderstreping of op 'n ander wyse.* | 1 |
| 3.2 | maar/en/of/dog √ | 1 |
| 3.3 | Die visuele voorstelling van blare/takkies waarop die letters staan, sluit by die tuingereedskap op die kruiwa aan. √ | 1 |
| 3.4 | Dit lyk (vir my) of daar nét tuinboubenodigdhede/-gereedskap verkoop word./of net vroue tuingereedskap aankoop./in die tuin werk. √ | 1 |
| 3.5 | Die hemel span wyd oor ons oop. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met hierdie bywoord aan.* | 1 |
| 3.6 | Oorreding/Beïnvloeding om die leser nuuskierig te maak (sodat hy/sy gaan kyk)/bewus te maak van die goedkoper opsie wat gebied word./<br>Manipulering om tot aksie oor te gaan. √<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die koper het meer tuingereedskap aangekoop (want die kruiwa is swaar gelaai) as waarop sy gereken het./Beklemtoon die bekostigbaarheid van die tuingereedskap. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 3.7 | ... koop ons (graag wéér) by jou .../<br>Ons koop (graag wéér) by jou ... √ | 1 |
| 3.8 | Die man sit op die bank terwyl hy televisie kyk.<br>Die bank van die rivier het tydens die vloed oorstroom. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord met "bank" as homoniem aan.* | 1 |
| 3.9 | Klankverspringing/Metatesis √ | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | lewensbelangrik √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 4.2 | Die verskil tussen 'n ware heer en 'n barbaar word daardeur/hierdeur gemaak./<br>Daardeur/hierdeur word die verskil tussen 'n ware heer en 'n barbaar gemaak. √ | 1 |
| 4.3 | wáre √ | 1 |
| 4.4 | Sy wil hom (taktvol maniere) leer./<br>Sy wil die pa beïnvloed ten opsigte van goeie maniere./<br>Sy wil hom met behulp van rympies (maniere) leer. √ | 1 |
| 4.5.1 | <u>Waarom/Hoekom/Waarvoor</u> moet 'n Viking sulke snert leer? √ | 1 |
| 4.5.2 | Net konings het goeie maniere./hoef goeie maniere te hê.<br>Hy moet soos 'n tipiese Viking optree. √ | 1 |
| 4.6 | Ons skryf volgende week eksamen in ons hoofvak, <u>naamlik</u> Afrikaans. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin van sy/haar eie aan met die korrekte gebruik van die afkorting voluit as 'n woord geskryf.* | 1 |
| 4.7.1 | Helga skree baie hard vir/op Hägar (sodat hy sommer platval/op die tafel gaan lê wat haar mag/die mag van haar woorde aantoon)./<br>Sy sê hom baie sleg/beledig hom (wat aantoon dat sy d.m.v. taal mag het). √ | 1 |
| 4.7.2 | Ja<br>Hy ondersteun haar nie./suggereer dat sy seun hom nie aan sy ma moet steur nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Hy het bloot twee vrae gevra sonder om ongeskik te wees./Niemand verdien om 'n buffel genoem te word nie. √ | 1 |
| 4.8 | ... kom jy deur die (ganse) land./<br>... stap jy deur die land. √ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Kontaminasie √ | 1 |
| 5.2 | sonder/geen/niks/nie √ | 1 |
| 5.3 | ontwikkelende √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 5.4 | millennia/millenniums √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word en die antwoord moet in die meervoud aangebied word.* | 1 |
| 5.5 | Die lande waarvan melding gemaak word, is juis nie verarm(-d)/arm/verarmde lande nie./<br>Die meeste mense wat daar woon, leef armoedig./<br>Dis 'n gesin sonder lewensmiddele – hulle is behoeftig./<br>Die kerk sorg vir mense wat armlastig is./<br>Baie lande van die wêreld is tans hulpbehoewend as gevolg van oorloë. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met die antoniem (arm/armoedig/behoeftig/ armlastig/hulpbehoewend) vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.6 | Dit √ | 1 |
| 5.7 | e-we-knie-e/<br>e/we/knie/e √<br><br>*Ignoreer die deelteken indien die kandidaat dit wel gebruik.* | 1 |
| 5.8 | Hulle het nóg bedrog, nóg korrupsie geken. √ | 1 |
| 5.9 | in √ | 1 |
| 5.10 | Dit het baie implikasies wat ons nog duur te staan gaan kom./<br>Dit het baie implikasies waarvan jy later baie sal hoor./<br>Dit, waarvan jy my nou beskuldig, het baie implikasies. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie, gepaste byvoeglike bysin aan.* | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou